



Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

1 Junie 2022
Nuusbrief No 19

Liewe Ouers,

Ons het 'n besige paar weke agter die rug, en bedank u vir u hulp met die funksies.

Personeel:

- Ons heet vandag vir Juffrou Esti Myburgh welkom hier by Parkieland en in die Kalfieklas.
- Ons hoop dat jy vinnig deel van ons Menlo familie sal voel, Esti. Ons weet die klein Kalfies en jy gaan baie pret en plesier saam hê.
- Dis lekker om 'n oud-Parkie weer terug by die skool te hê, hierdie keer as die onderwyseres en nie die leerling nie, maar ons sê mos: "Eenmaal 'n Parkie, altyd 'n Parkie!"

Snoepie:

- Met 'n groot DANKIE bedank ons die Ouerkomitee en die ouers van die skool wat gehelp het op welke manier om van ons snoepiedag 'n reuse sukses te maak.
- Weereens was dit ooglopend hoe ons ouers bymekaar kom en 'n projek aanpak om 'n verskil ten bate van die skool te maak.
- Ons is besig om te beplan hoe ons die terrein kan opknap en verbeter met hierdie fondse.

Parkieland verjaarsdag:

- Baie dankie aan elkeen wat gehelp het om hierdie dag so plesierig moontlik vir die kinders te maak.
- Baie dankie weereens aan ons flukse Ouerkomitee wat die ingang en voorportaal so vrolik versier het, en baie vroeg reeds by die skool opgedaag het om dit selfs vir die heel eerste maatjie spesiaal te laat voel. Julle is staatmakers, baie dankie.
- Ons het die verjaarsdaggeldjies gebruik om al die partytjielekkernye, borrelmasjien, springkasteel en al die speletjievorrade mee aan te koop. Baie dankie vir u bydraes. Die kinders het dit ongelooflik baie geniet!

Mamma-en-Pappa-teepartytjie: Vrydag 3 Junie 2022:

- Al ons maatjies gaan aan hierdie pret-aktiwiteit deelneem.
- Trek Vrydag u kleuter soos Mamma of Pappa aan en pak 'n lekker kosblik met gesonde piekniekkos, asook 'n lekkernybederf sodat ons lekker kan piekniek hou. Dogters mag 'n pop (sonder bybehore) saambring, en seuns 'n teddiebeer, asook 'n klein kombersie.

Jêmbekkie:

So in die lig gesien van die skool se verjaarsdagpartytjie kan ons nie anders as om 'n paar "goue oue" Jêmbekkie te deel nie:

♥ Eenkeer het een van die Juffrouens die oggend vir die kinders die storie van God wat vir Samuel roep geles. Later in die dag roep sy 'n kind, maar hy reageer nie. Sy roep weer. Die derde keer toe sy roep kyk hy op en sê: "Juffrou! Liewe Jesus roep my!"

♥ Juffrou verduidelik hoekom sekere voëls migreer: Wanneer dit koud word in Suid-Afrika, is dit warm in Europa. Die voëltjies vlieg dan na die warm lande toe. Wanneer dit dan nou weer koud word in Europa, word dit warm in Suid-Afrika, en kom die voëltjies terug.

Een van die seuns sit so en dink en sê: "Juffrou, hulle kyk seker nuus om te weet wanneer dit weer warm is by ons!"

♥ Eenmaal tydens insekte week was dit 'n gulde geleentheid om oor Egipte se tien plae te gesels. So wil een van die Gr 00 Juffrouens weet of die kinders die derde plaag kan onthou. Hulle dink en dink totdat een dogtertjie baie opgewonde uitroep: "Ek weet! Dit was vlooie!"


♥ Eenmaal tydens uitermate hoë temperature, sê die een dogtertjie nadat sy die sweet uit haar nekkie vee: "Juffrou, dit is so warm, ek smelt."

♥ Die Juffrouens gesels met die kinders oor voertuie en padveiligheid. Een van die Gr 000 Juffrouens vra haar klas hoekom 'n kar 'n spieëltjie het. Een dogtertjie antwoord: "Sodat jy jou lipstiffie kan aansit!" Een van die seuns het gesê: "Sodat jou pa jou in die spieëltjie kan dophou!"

♥ PARKIES ♥ HOU ♥ VAN ♥ GRAPPIES! ♥

Hoop u het 'n wonderlike week verder.

Vriendelike Parkie-groete,



RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL



liefde

onderrig

Pret

PARKIELAND KLEUTERSKOOl

staan sterk vir

21 JAAR!

hiep-hiep-hoera!



geloof

ondersteuning